OLX Geklassifiseerd

Careers24 | Property24 | Wheels24 | kalahari.com

Rapport
BY NETWERK24 VANAF 1 OKTOBER

Só was rugby vér in verlede
Dié boek neem tradisionele rugbyondersteuners op 'n nostalgiese wipwaentjierit, skryf Pieter Kruger.

Kry vet afslag!
Lede van Rapport en Kalahari.com se eksklusiewe boekklub kry tot 53% afslag op 'n lys boeke wat spesiaal uitgesoek is om in Rapport-lesers se smaak te val.

Soek

Argiewe

Tuis Nuus Sport Sake MyRapport Bylaes Koerante Rapport Weekliks Blogs

Die Week | Hanlie Gesels Met | Rubrieke | Debat | Jou Beurt | Aktueel | Kollig | Boeke | Uittreksel | Egmont Sippel | Sondagmaal | Fliekvlooi

WonderWoordWerkers

2014-09-27 23:29

Stephanie Nieuwoudt

share:

Stephanie Nieuwoudt het met twee leksikograwe gepraat oor die kuns van woordeboeke maak en hoekom party nuutskeppings werk en ander nie.

Selfie, biobrandstof, makarapa, blog, vuvuzela, koolstofvoetspoor, lugtyd, skottelbraaier...

Wanneer die sesde uitgawe van die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) volgende jaar verskyn, neem dié en ander woorde hul regmatige plek daarin op.

Jana Luther, redakteur van die HAT, meen dis 'n opwindende tyd vir aanlyn leksikografie en lewende woordeboeke van eietydse taal op die internet. "Dit is opwindend om intyds te kan sien hoeveel gebruikers jou woordeboek raadpleeg – of dit nou bedags of snags is – presies na watter woorde gesoek word en watter woorde gevind word en watter nie. Jy kan dadelik die leemtes aanvul daar waar die onmiddellike behoefte is."

Nie net verander taal deurentyd nie, maar ook die media waardeur taal uitgedra word.

Prof. Rufus Gouws, leksikograaf verbonde aan die departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch, sê: "As leksikograaf is die aanpassings van die leksikografieteorie om, naas gedrukte woordeboeke, ook vir die beplanning en skep van elektroniese woordeboeke voorsiening te maak, opwindend."

Woordeboeke maak is duur en tydrowend. Drie leksikograwe (Luther, Gouws en Fred Pheiffer) werk byvoorbeeld agt jaar lank (2008 tot 2015) aan die nuwe HAT.

"Ons het reeds duisende nuwe woorde in HAT6 opgeneem," sê Luther. "Om hulle te vind moet ons elke dag die gedrukte media, asook die internet en sosiale media fynkam. Ons kyk hoe mense skryf, luister hoe hulle praat, watter woorde hulle gebruik. Afrikaanse radio en TV is belangrike bronne."

Vir Gouws is een van die mooi nuutskeppings die woord "selfie". "Dit pas so mooi binne die Afrikaanse patroon. Ek hou ook baie van die krieketterm 'mokerman'. Sommige woorde verdwyn en verskyn met 'n nuwe betekenisonderskeiding. Skottel is vandag weer algemeen in gebruik en dit verwys na die seinontvangsapparaat.

"Taal weerspieël die werklikheidsiening van sy sprekers en dit vra dat woorde gevind word vir nuwe en veranderende betekenisse."

Luther beklemtoon 'n nuutskepping moenie mooi of oulik of snaaks wees nie. "Dit moet 'n mens nie laat giggel nie, wat dalk die rede is waarom 'toep' (vir app) nie deur almal gunstig ontvang word nie. Dit moet funksioneel wees, in dieselfde register – formeel, informeel, vaktaal – en dadelik dieselfde werk doen as sy Engelse ekwivalent. 'n Nuutskepping is geslaag as dit by genoeg gebruikers inslag vind. Woordeboekmakers besluit gelukkig nie hieroor nie. Gebruiksfrekwensie gee die deurslag vir die opneem al dan nie in 'n woordeboek."

As aktiewe lede van taalgespreksgroepe op die internet, onder meer op Facebook, bly hulle daagliks met taalgebruikers en -werkers in verbinding: skrywers, vertalers, teksredakteurs by Afrikaanse koerante en tydskrifte wat onder meer gereeld worstel om geskikte Afrikaanse woorde vir Engelse begrippe te vind. "Hulle speel 'n belangrike rol in ons werk; vestig deurlopend ons aandag op taaltameletjies en -goggas van allerlei soorte; die werklike, eietydse woordeboekbehoeftes van werklike, eietydse woordeboekgebruikers," sê Luther.

"Wat ek ook al lees, waarna ek ook al luister, ek is altyd – bewus of onbewus – ingestel op eietydse woorde, uitdrukkings en betekenisse wat 'n skrywer, digter of sanger gebruik, wat dalk nog nie in die woordeboek waaraan ek werk, neerslag gevind het nie," sê Luther. "In die ou dae het leksikograwe geen keuse gehad nie as om pynlik stadig die gedrukte media – boeke, koerante, tydskrifte – te fynkam. Woorde en aanhalings wat vir hulle interessant was, het hulle neergeskryf op

MEESTE GELEES E-POS KOMMENTAAR

Steve is die ideale boer-keuse
Rand in die woestyn met elke ekonomiese sonde
Afrikaans is in die pad – Dan Koning Demetri
Myn laat Weskus-boere se bakkies roes, hul skape soutbossies vreet en wingerde verlep

Weer

Ksd:	13-18°C	Pta:	15-28°C
Jhb:	10-21°C	Bfn:	5-17°C
Dbn:	15-26°C	PE:	13-16°C

7-dag-voorspelling...

BETREKKINGE - VIND JOU DROOMWERK

Java Developer (Hire Resolve)
Johannesburg
Hire Resolve

Wealth Manager
Johannesburg
EnvestPro

C# Developer (Hire Resolve)
Johannesburg
Hire Resolve

SOEK DEUR NOG WERKE...

Durban Jobs | Sales Jobs
Free State Jobs | Healthcare Jobs
Nelspruit Jobs | Human Resources Jobs

Registreer jou CV...
Adverteer 'n pos
Aanduidings van werke via e-pos...

EIENDOMME - VIND 'N NUWE HUIS

REIS - BESOEK, BESPREEK, LAAT WAAI!

KALAHARI.COM - DOEN VANDAG JOU INKOPIES AANLYN

kalahari.com

The Real Meal Revolution (boek & e-boek)
Die doel van The Real Meal Revolution is om jou lewe te verander deur jou eetgewoontes te leer wat jou in beheer plaas van jou gewig en jou gesondheid. Bestel nou!
Besoek www.kalahari.com vir miljoene boeke, musiek, DVD's, games & meer!

indekskaartjies, wat later gealfabetiseer moes word.

“Vandag blaai ons steeds boeke, koerante en tydskrifte deur. Baie boeke, koerante, tydskrifte. Deesdae gelukkig veral ook elektronies. Maar pleks van indekskaartjies gebruik ons ’n gesofistikeerde elektroniese werkbank (TshwaneLex), gegrond op die bedryfstandaard XML, wat die produksietyd van ons woordeboek verkort en die konsekwentheid en gehalte daarvan aansienlik verhoog.”

Die kerntaak van verklarende leksikografie bly egter die ondersoek na die betekenisse van elke woord. “Hoeveel betekenisse het die woorde knoop, sny, oor, lig, kom? Ons moet die gebruikersfrekwensie van woorde en hul betekenisse vasstel. Dan moet ons elke betekenis so eenvoudig moontlik verduidelik. En vir elke betekenis moet ons in eietydse, maklik verstaanbare taal ’n nuwe definisie skryf, of waar nodig ’n reeds bestaande definisie herskryf. Ons moet ook probeer om gepaste voorbeeldsinne of -frases te vind, die herkoms van die woord naspeur, oorleg pleeg met vakspesialiste en seker maak ons verstaan wetenskaplike terme reg.”

Hoeveel het jy nodig?

Gouws meen ’n mens het minstens een verklarende woordeboek nodig in die taal wat jy die meeste gebruik en een tweetalige woordeboek met die moedertaal as een van die tale.
Luther, daarenteen, glo daar moet minstens drie woordeboeke in ’n huis wees: twee groot verklarende woordeboeke (een vir die moedertaal of huistaal en een vir ’n eerste addisionele taal), asook ’n groot vertalende woordeboek wat kan dien as ’n brug tussen die twee.
“Maar nie een van hulle moet ouer as sewe jaar wees nie. Die wêreld staan nie stil nie en taal ook nie.
“Van die navrae wat ons kry, laat my vermoed daar is duisende gebruikers wat houtgerus stokou woordeboeke bly gebruik – dit is mense wat een keer ’n woordeboek koop en dit nooit vervang nie.”

Jana Luther, redakteur van die HAT. | Foto: Edrea du Toit

Prof. Rufus Gouws, leksikograaf. | Foto: Denzil Maregele

share:

Lees Rapport se kommentaarbeleid

LEWER KOMMENTAAR OP HIERDIE ARTIKEL 4 reaksies

LEWER KOMMENTAAR

Kommentaar *1500 oorblywende karakters*

POS KOMMENTAAR

Hanno Visagie - September 28, 2014 om 10:48 Kommentaarbeleid Rapporteer

Toep(assing) is strate beter as êp(pliekyshun)!

0 0 Antwoord Hanno Visagie

Ettie Williams - September 28, 2014 om 23:00 Kommentaarbeleid Rapporteer

Lekker artikel, baie dankie. Ek soek steeds 'n Afrikaans/Engels woordeboek in Suid-Afrika wat óók in ewe maat 'n Engels/Afrikaanse woordeboek genoem kan word ... In die beskikbare tweetalige (Afr & Eng) woordeboeke skiet die Engelse kant, m.i., altyd te kort.

0 0 Antwoord Ettie Williams

Kerrie Vlam-Skiet Briekstreep - September 29, 2014 om 06:55 Kommentaarbeleid Rapporteer

.

Wat het geword van die "Handleiding vir Afrikaanse Taalgebruik".

Of was dit maar die naam wat julle gebruik het in die 80's en 90's..?

.

0 0 Antwoord Kerrie Vlam-Skiet Briekstreep

Kerrie Vlam-Skiet Briekstreep - September 29, 2014 om 06:56 Kommentaarbeleid Rapporteer

.

Handwoordeboek ...enige woordeboek is n hand woordeboek..

.

0 0 Antwoord Kerrie Vlam-Skiet Briekstreep

Ander stories in... Boeke...

Spanning-nis eerder misgeskryf as gevind

Lien Roux-de Jager is nog 'n skrywer wat haar nie tot een genre beperk nie. Benewens kinder- en jeugverhale het sy al romanses geskryf en van haar kortverhale het in Boereoorlogstories 2 en Grensoorlogstories verskyn.

Rympies vir baie pret én ontwikkeling

'n Nuwe rympiesbundel vir kleuters uit die pen van Jaco Jacobs. Vrolike, kleurryke illustrasies deur Karen Ahlschläger vergesel die 28 splinternuwe, lawwe, aksiebelaaide rympies.

Elke diertjie gee 'n plesiertjie

Van voorlees tot selflees, dierestories bly gewild. Mia Oosthuizen het 'n paar nuwe kinderboeke bekyk.

BINNE RAPPORT

Hanlie gesels met Nianell

Nianell se essensie, haar selfwaarde, is nog steeds 'oukei'.

Nuwe potloodtoets?

In haar boek ontleed Anthea Jeffery die impak van SEB sedert 1994.

Swart gesigte, wit velle

'n Ander perspektief op oënskynlik onskuldige studentepret.



Brandpunt: genadedood

'n Wetenskaplike, 'n teoloog en 'n filosoof dink tesame oor genadedood.

D I E N S T E

Blogs
Jou opinie oor alles en almal.

Kontak ons
Stuur jou brief aan Rapport

Subskripsies
Teken in op Rapport

RSS
Nuus eenvoudig afgelewer

24.com

Bepalings En Voorwaardes · Vennote · Adverteer Op Rapport.Co.Za · Adverteer In Rapport · Kontak Ons
© 2014 24.Com. Alle Regte Voorbehou.

DMMA MEMBER DIGITAL MEDIA & MARKETING ASSOCIATION